# **‘n Verbondsgod, deel 3 (18-05-2025)**

Onderskeiding is nie net om reg van verkeerd te kan onderskei nie,
maar ook om reg, van amper reg, te kan onderskei.

Paulus verkondig dus die evangelie aan die heidene, maar hy gaan na die lande wat ons vandag ken as Europa. Die tien stamme wat in verstrooiing gegaan het, het gedeeltelik in Europa beland en hy het geweet wie hulle is.

***Jakobus** 1:1 Jakobus, ‘n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!*

***1 Petrus** 1:1 Petrus, ‘n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,*

Ons voorvaders kom ook van daardie lande af en dit maak ons deel van daardie uitverkore volk waarmee Vader ‘n verbond het. Net soos wat God die Israeliete van die eerste verbond ‘n opdrag gegee het om sy verbond te hou, net so kry ons ook nou ‘n opdrag om sy verbond te hou. Hierdie evangelie is onbekend vir die hele wêreld se mense en indien hulle dit iewers sou hoor, verwerp hulle dit sonder om dit eers te ondersoek, want dit is ‘n skande.

Die hele wêreld lê in die hand van die Bose en hele wêreld haat die ware evangelie, naamlik dat God ‘n uitverkore geslag het vir wie Hy lief is en dat Hy sy lewe gegee het om daardie uitverkore geslag van die ewige dood te red.

Hierdie wêreld het vir hulself ‘n menige predikers versamel om vir hulle ‘n evangelie te verkondig wat hulle in die gehoor streel, om hierdie wêreld wat in die hand van die Bose lê, geen aanstoot te gee nie. Die evangelie wat oral in die wêreld verkondig word, is ‘n evangelie wat die wêreld se heersers, die

owerhede en die magte, goedkeur, maar dit is ‘n evangelie wat verskil met God se evangelie en wat Hom van sy eer beroof.

***2 Timótheüs** 4:1-5  Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: (2)  verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;  (3)  want daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,  (4)  en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.  (5)  Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ‘n evangelis; vervul jou bediening.*

***Génesis** 17:9-10  Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.  (10)  Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word—*

Hoewel almal wat die nageslag van Jakob was, Israeliete was, was hulle nie deel van die verbond alvorens hulle nie besny was nie. God se verbond het dus bestaan, maar ‘n onbesnede persoon was nie deel van die verbond nie en sou nie saam met die ander Israeliete erf, tensy hy besny was nie.

Vandag het ons ook ‘n opdrag om sy verbond te hou, maar dit is nie dieselfde teken nie. Met die Nuwe Verbond moet ons weer gebore word, anders sal ons nie die saam met die ander Israeliete die ewige lewe erf nie.

***Johannes** 3:1-7  En daar was ‘n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, ‘n owerste van die Jode.  (2)  Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U ‘n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.  (3)  Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.  (4)  Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan ‘n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie ‘n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?  (5)  Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.  (6)  Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.  (7)  Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.*

Daar is vandag baie mense wat van hulle identiteit as Israeliete bewus word en wil dan deel van die verbond van God word, maar dan die eerste verbond te hou deur hulle te laat besny. Dit is dieselfde as wat Abraham sou dink hy is deel van die verbond met God en die teken daarvan is die reënboog. Die besnydenis het ‘n Israeliet deel gemaak van die eerste verbond, maar wedergeboorte maak ‘n Israeliet deel van die tweede verbond.

**Wat van ander volke?**

As ‘n nie-Israeliet hom laat besny het, het hy nie deel van die verbond met God geword nie en indien ‘n nie-Israeliet vandag probeer om weer gebore te word, word hy ook nie deel van die tweede verbond tussen God en Israel nie. Die inisiatief van die uitnodiging tot die verbond kom van God af en nie van die mense af nie.

***Johannes** 6:44  Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.*

***Johannes** 6:65-68  En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie.  (66) Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie.  (67)  Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?  (68)  En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.*

In die tweede verbond is die besnydenis vervul deurdat ons harte besny moet word. Die besnydenis van ons hart is deel van wedergeboorte. Wanneer God my hart van klip verwyder en vir my 'n hart van vlees gee, besny ek my hart deur my vlees se begeertes af te lê.

***Kollesense** 2:9-12  Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;  (10)  en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;  (11)  in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,  (12)  omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.*

**<u>Waarom is dit belangrik om te weet dat God 'n verbond het en dat Hy met my, as deel van sy volk, 'n verbond het?</u>**

1. Om geloof in God te kan hê moet ek sekerheid hê in wat ek glo, maar as die inligting verwarrend is, sal ek nie kan glo nie. As ek nie kan glo nie, sal ek nie deur God gered word nie, want ons word deur ons geloof in Hom gered.

2. As ek weet dat ek deel van sy volk is met wie Hy van die begin af 'n verbond het, sal ek kan glo dat die beloftes wat Hy aan Israel gemaak het, direk op my betrekking het. As ek dit nie weet nie en dink ek is deel van 'n kerk wat eintlik verbondlose heidene is, wat hulle tot God bekeer het, wat uit genade aangenome kinders geword het, maar sy eintlike volk is die Jode, vir wie Hy eintlik lief is, maar hulle ontken Hom, maar hulle gaan nog tot bekering kom en eintlik is die beloftes net vir hulle, maar tog vir my ook?

Kyk na die volgende beloftes aan Israel en maak die saak uit met jouself of dit op jou van toepassing is of nie.

- Dit is beloftes wat direk deur God gemaak is aan Israel.
- Iemand wat nie deel is van die volk nie, kan nie daarop aanspraak maak nie.
- Almal wat deel van die volk is, het 'n verbond met God en die beloftes is vir hulle.
- **God maak dus beloftes en afhangende van wat ek glo ten opsigte van wie ek is, betreffende daardie beloftes, sal bepaal of daardie beloftes in my lewe sal realiseer.**

***Jesaja** 41:8-14 Maar **jy**, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend, (9) **jy**, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: **Jy** is my kneg; **jou** het Ek uitverkies en **jou** nie verwerp nie. (10) Wees nie bevrees nie, want Ek is met **jou**; kyk nie angstig rond nie, want Ek is **jou** God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. (11) Kyk, hulle **almal** sal beskaamd staan en in die skande kom wat op jou toornig is; **hulle** sal word soos niks, **en jou teëparty** sal omkom. (12) Jy sal hulle soek, maar hulle nie vind nie—die manne wat met jou twis; hulle sal word soos niks en soos 'n nietige ding—die manne wat teen jou oorlog voer. (13) Want Ek, die HERE **jou** God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help **jou**. (14) Wees nie bevrees nie,*

*wurmpie Jakob, volkie Israel! Ék help jou, spreek die HERE, en jou Losser is die Heilige van Israel.*

Is hierdie nageslag die Jode, of is dit dalk die kerkmense, of is dit die bekeerdes of is dit letterlik die nageslag van Jakob? Indien ons die saak kan uitmaak en sien dat dit die nageslag van Jakob is en dat ek persoonlik deel is van daardie nageslag en dat hierdie beloftes letterlik op my van betrekking is, sal ek kan glo dat dit vir my is.

Indien ek onseker is of dit vir die kerk is en ek is onseker vir watter kerk, maar dit is dalk vir die Jode, maar hulle is dan ook nie ‘n nageslag nie, sal ek nie kan glo wat God aan my belowe het nie en sy verbond aan my blyk tevergeefs te wees.

***Jesaja** 44:1-6  Maar luister nou, my kneg Jakob, en Israel wat Ek uitverkies het!  (2)  So sê die HERE, jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help: Wees nie bevrees nie, Jakob, my kneg, en Jesúrun wat Ek uitverkies het!  (3)  Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.  (4)  En hulle sal uitspruit tussen die gras in, soos wilgerbome by waterlope.  (5)  Die een sal sê: Ek behoort aan die HERE; en die ander sal die naam van Jakob uitroep; en die ander sal met sy hand skrywe: Ek behoort aan die HERE, en hom met die erenaam Israel noem.  (6)  So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.*

***Efésiërs** 2:8  Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;*

As ek nie kan glo nie, want die inligting is vir my te verwarrend, op grond van wát sal ek dan gered word? Die hele wêreld lê in die hand van die Bose en die Bose se hoogste prioriteit is om die ware Israeliete weg te hou van hulle verbond met God en die beloftes wat God aan hulle gemaak het, deur die verbond. God se verbond gaan deur ‘n letterlike geslag en die wêreld se evangeliste staan dit met alle mag teë, deur te preek dat dit nie deur ‘n geslag is nie.

Is dit so dat God gesê het…?